**Gegroet vanuit die pastorie met die Woensdag-brief vir 13 Mei 2020**

Die fundamentele aspek van die skepping waarin ons leef en beleef is dat niks ooit dieselfde bly nie – alles word óf beter óf slegter. Óf ons dit ervaar óf nie, is alleen ’n faktor van die tydsverloop daarvan. Die ou spyker wat dikwels in ons hart ingeslaan word dat alles, sleg of goed, een of ander sal verbygaan, het egter min troos vir ons belewing in die oomblik van die ervaring.

Oud-diplomaat Rhynie Greeff skryf in ’n meningstuk oor maskers wat die mens dra onder meer dat alles ’n verlengstuk het. Ek lees dit as bv. dat die mens se voete na die paaie wat hy stap verleng, sy oë tot waarna hy kyk, sy mond tot die wat hom hoor e.d.m. Maskers, sê hy, het deur die geskiedenis verskeie funksies vervul, meesal in uiterste vorme om lewens te red of lewens te versmoor. Deesdae is die corona-masker ’n alledaagse verpligting wat miskien ’n lewe red, maar in elk geval versmorend is.

David Everatt, ’n Professor in sosio-ekonomiese en ontwikkelingstudies, belig in ’n artikel dat die inperking wat ons nou beleef deur ’n deel van die bevolking meer diepgaande en meer afgedwing ervaar was in die jare van apartheid. Hy stel voor dat hierdie nou-gedeelde belewing verskillende groepe in Suid-Afrika ’n versterkte kans op versoening bied. Dit is nou ’n aaklige gedwongenheid in ’n poging om ’n pandemie in laer rat te plaas en toendertyd sekerlik erger want dit het gegaan oor die volle spektrum van menslikheid. Alles laat skaduwees wat selfs in die donker sigbaar bly. Suid-Afrika soek lig wat selfs in die son sigbaar is.

Professor Nico Koopman, teoloog en viserektor van die Univ. van Stellenbosch wys in ’n koerantrubriek na die mens se weerloos- en broosheid. Die mens is breekbaar en moet versigtig hanteer word, haal hy die bekende teoloog Nico Smit aan. Hy verwys ook na die Amerikaanse teoloog Paul Tillich se verwysing na die mens se kollektiewe en individuele angs vir leegheid, doelloosheid, die noodlot en eindigheid. Ook haal hy nog ’n teoloog, Reinhold Niebuhr, aan wat vier vorme van hoogmoed noem wat die mens gebruik om sy broosheid te ontvlug – mag, intellek, moraliteit en spiritualiteit. Teologie word dikwels afgedruk as sou dit wysbegeerte benodig om regop te bly, maar Koopman, Smit, Tillich en Niebuhr se wysbegeerte toon ootmoed en empatie.

Nog ’n professor, die keer in sielkunde, Wilhelm Jordaan, skryf in sy rubriek oor die nuwe mode wat almal beetpak – genoem digitalisering. Ontmens elektronika inter-persoonlikheid en kan virtuele kontak mens se ware behoefte van persoonlike kontak vervang? En ek voel hy praat ook van kerkwees as hy stel dat hy die meevoering van groepsdinamiek en sigbaarheid van groeiende insig in opgewonde oë mis. Is digitaliteit ’n bruikbare instrument in bediening soos ons dit ken en wat voorspel word alles gaan verander – geloofsgemeenskappe ook?

Die bekende Isak Burger wonder ook in ’n ander rubriek oor die nadraai van Corona-pandemie op tradisionele bediening aangesien kerkdienste van die eerste sosiale interaksies was wat verbied was en waarskynlik van die laaste sal wees wat weer toegelaat word. Hy wys daarop dat mens eers die werklike waarde van iets besef as jy dit verloor. Kleiner groepsbyeenkomste soos huiskerke en die sosiale media gaan waarskynlik ’n groter deel van gemeentewees in die nabye toekoms wees. Ek self wonder of WhatsApp boodskappe nie dalk vir gelowiges van die Sondag weer ’n rusdag gaan maak nie – is dit nie lekker om Sondae vry te wees nie en dat Isak Burger reg is dat die behoefte aan gemeensaamheid in die toekoms in kleiner groepe uitgeleef gaan word nie? Daar is ook veel te maak van die kostebesparende hulp wat virtualiteit aan gemeentes bied, asook die praktiese gebruik in moeilike ekonomiese omstandighede. Gaan gemeentes nou dalk agterkom dat hulle vir ’n volle bediening nie noodwendig ’n

volwaardige en eie onbekostigbare predikant benodig nie? Wat ek wel weet is dat geld baie hard kan praat en geloof weer baie saggies fluister. Dit is soos 'n bekende Griekse liedjie vertel dat ons met die een oor hoor en met die ander een weer luister.

Betekenis vir die lewe word alleenlik gevind in elke oomblik eerder as die ervaringe van die verlede of verwagting van 'n toekoms, is min of meer wat Viktor Frankl voorstel in sy bekende boek *Man's Search for Meaning* of soos in die oorspronklike titel ... *Nevertheless saying 'Yes' to Life*. Hy skryf die boek na sy ervaringe in 'n konsentrasiekamp wat hy oorleef het. Jou siening in die nou-moment, so het Frankl ontdek in van die mees aakligste omstandighede moontlik, bepaal jou toekoms en verwerk jou verlede.

Ek is 100% seker as al die regeringsleiers van die gewone lid van die parlement tot staatspresident soos baie besighede onmiddellik ontneem word van hulle inkomste, die inperking-regulasies veel anders sou gewees het. Ons wat steeds 'n maandelikse vergoeding ontvang, beleef die grendeltyd veel anders as die besigheidsmens wat nou net uitgawes ontvang sonder enige inkomste. Dieselfde sou geld vir landbouers wat 'n uitgerekte droogte beleef en selfs van sy bates ontslae moet raak vir brood op die tafel. Dieselfde kan ook gesê word vir 'n jongvrou wat swanger geraak het en dan verdwyn die biologiese vader. Ensovoorts... daar is baie alledaagse voorbeelde wat orals kop uitsteek.

Dit maak nie saak hoe mens in negatiewe vaarwater beland het nie, die belewing neig altyd om dieselfde proses te volg. Frankl het in die konsentrasiekamp waargeneem dat daar drie response is wat mekaar opvolg. Eerstens is daar 'n skokfase by intreding van die trauma, dan 'n fase van lots-aanvaarding daar tydens en laastens 'n fase van depersonalisasie wanneer die trauma opgehef word. Hoe die fases hanteer word, is bepalend vir lewensbetekenis. Sy motto hiervoor is om altyd desnieteenstaande die omstandighede steeds 'ja' te sê vir die lewe. Frankl het 'n paar voorstelle hoe om dit reg te kry – sy sogenaamde logoterapie.

Oorhoofs kom Frankl tot die insig dat die omstandighede van die trauma ondergeskik is aan mens se vryheid om te kies. Hoe om die nou-oomblik te benut, aldus Frankl, is om te weet dat daar altyd iemand is - bv. 'n geliefde, 'n vriend, ouers of selfs God - wat 'n verwagting oor jou koester. Hoop beskaam nooit nie, sê die spreekwoord. Diegene wat reeds hoop verloor by die inskop skokfase, verloor die oorlewingstryd deur nooit die realiteit te aanvaar nie – hulle lewe verdor net oomblik per oomblik tot die kersie in sy eie was versmoor.

Frankl vertel byvoorbeeld dat hy aangebied het om elke dag die toilet-riool skoon te maak – iets wat niemand graag wou doen nie - wat beteken het hy elke werkende uur tot sy bolyf in almal se gemors gestaan het. Hy vertel dat terwyl hy besig was in die riool, hy doelbewustelik gekies het om aan al die mooi dinge van die lewe te dink. Sy gedagtes was sterker as die vrot van sy onmiddellike omstandighede. Dit het hom ook baie alleentyd gegee wat 'n skaars gebeure in die konsentrasiekamp was. Hy het sy lot aanvaar en elke oomblik daarvan gekies om sy innerlikheid te verpositief, of anders gestel – hy het nooit sy lewensdroom weggegooi nie en eintlik vertroetel. Die enigste ware vryheid wat die mens het meen Frankl, is om in elke omstandigheid self te kies hoe jy gaan reageer.

Die derde fase geskied wanneer die trauma opgehef word. Die normaliteit wat dan intree word nie vertrou nie. Mense is steeds vreesbevange dat hulle vryheid net 'n skyn is. 'n Haat teenoor die trauma en skeppers daarvan, maak dat persone steeds betronk lewe in negatiewe emosies wat positiewe situasies vernegatief eerder as positiewe geleenthede raaksien. Waar hulle vir lang tye gedroom het van hulle bevryding, ervaar hulle nou dat dit nie geniet kan word nie weens persoonlikheid-afstomping.

Hierdie belewing skep as’t ware ’n nuwe trauma van onhanteerbare bevryding. Hierdie fase is moeilik om te oorkom en benodig tyd en ondersteunende praktyk van hoop en verstaan. Klink dit dalk bekend?

Uiteindelik stel Frankl dat elke mens wat sy betekenis in die lewe vind, die verantwoordelikheid kan opneem van die hoekoms om dit te hanteer. Die lewensroete bied nié net sukses en gelukkigheid as byprodukte nié, maar ook ’n doelgerigte en betekenisvolle lewe. Insig ten opsigte van hierdie beginsel kan ons waarskynlik help om die slagoffer-politiek in Suid-Afrika, asook die gemeenskap waarin ons leef en beleef beter te verstaan.

Uitdagende situasies bied altyd aan ’n mens die geleentheid om jou persoonlike betekenis te reinig en te vra hoe vêr jou geloof, liefde en hoop uitstrek tot ander. Die mens, nes die natuur, is baie broos en kort veel vertroeteling. Om die tydperk na ’n uitdaging positief te maak vra dat aan elke oomblik betekenis gebied word al is dit deur jou eie besluite. Frankl het gemeen die insig dat lewe ’n doel en betekenis bied, eerder as vervulling en gelukkigheid, die fondasie vir ’n volle lewe bied. Die terapie van fisiese deelname aan ’n skeppingsdaad, die belewing van iets of iemand wat opbouend is, asook ’n positiewe nou-gesindheid wat traumas genees sal elkeen se toekoms oop sprei. En al is dit altyd waaghalsig, is dit altyd die moeite werd. Iewers kry ek hierdie wysheid, maar die outeur kan ek nie opspoor nie:

*To laugh is to risk appearing the fool.*
*To weep is to risk appearing sentimental.*
*To reach out for another is to risk involvement.*
*To expose feeling is to risk exposing your true self.*
*To place your ideas, your dreams, before the crowd is to risk their loss.*
*To love is to risk not being loved in return.*
*To live is to risk dying.*
*To hope is to risk despair.*
*To try is to risk failure.*

Gegroet tot volgende keer.